UNISA university of south africa

# Die rol van die Afrikaanse Wikipedia in die uitbou van Afrikaans

Laurette Pretorius

Professor in Rekenaarwetenskap
Skool vir Interdissiplinêre Navorsing en Nagraadse Studies
Kollege vir Nagraadse Studies
Universiteit van Suid-Afrika
Pretol BY unisa DOT ac DOT za

UP Lenteseminaar, 16 September 2016
Groenkloofkampus, Universiteit van Pretoria

This work is licensed under a Creative Commons Attribution-ShareAlike 4.0 International License

# Struktuur

- Hoekom is dit nodig om Afrikaans verder uit te bou?
- In die fisiese ruimte
- In die digitale ruimte
- Die digitale ruimte, die internet en die wêreldwye web
- Wikipedia
- Ons bydrae

# Hoekom is dit nodig?

- In die afgelope 90 jaar het Afrikaans in die **fisiese ruimte** van sogenaamde kombuis- en huistaal **ontwikkel** tot volwaardige kansel-, skool-, universiteits-, sport-, kultuur-, regs- en ekonomiese taal; gegaan van taal van die onderdrukker, tot model vir die Afrikatale, tot taal van *hoop* [2]

- Elektrisiteit, wonder, triomf, sieraad en *tragedie* [3,5] ...

- Die suggestie van 'n (uitbou-)taak wat nooit voltooi sal wees nie - **dit moet dus steeds ons erns bly**

# Taaluitbou in die fisiese ruimte

| Kriteria vir sterfte/groei | Fisiese ruimte |
|---|---|
| Gebruikerspopulasie (grootte en demografie) | Aantal en ouderdom van sprekers |
| Aansien | Verleen die taal sosiale status en geleenthede? |
| Identiteitsfunksie | Is die sprekers trots om met die taal geassosieer te wees? |
| Funksionele geskiktheid | Gebruiksomvang en -bevoegdheid van die taal |
| Funksionele verspreiding | Aktiewe gebruik oor geografiese, sosiodemografiese en ander gebiede heen |

- “Digital language death”[1]: Fisiese versus digitale sterfte van ‘n taal – kriteria in volgorde van belangrikheid

# Hoekom is dit nodig?

- In die afgelope 50 jaar het die ruimte waarin ons, ook hier in Suid-Afrika, leef, radikaal verander

- Die koms van die moderne (persoonlike) rekenaar, mobiele tegnologie, al groter en vinniger wordende elektroniese netwerke ens. het veroorsaak dat ons toenemend ook in die sogenaamde **digitale of kuberruimte** leef

- Elke faset van ons bestaan en dus ook ons kommunikasie en taal word hierdeur geraak

- 26.8 miljoen Suid-Afrikaners gebruik die internet (gem. 3 ure per dag op sosiale media)

# Die nuwe leefruimte ...

| Gebruik Internet vir | Persentasie |
|---|---|
| E-pos | 88.39% |
| Bankwese | 65.60% |
| Navorsing / Inligting-onttrekking | 62.32% |
| Lees nuus / tydskrifte aanlyn | 60.27% |
| Sosiale netwerke | 54.56% |
| Inkope | 34.42% |
| Werksoek | 34.22% |
| Musiekaflaai | 28.67% |
| Gidsdienste | 25.96% |
| Boodskappe | 23.08% |
| Klets | 21.70% |

| Nr | Webblad SA | Webblad globaal |
|---|---|---|
| 1 | Google.com | Google |
| 2 | Google.co.za | YouTube |
| 3 | Facebook | Facebook |
| 4 | Youtube | Baidu |
| 5 | Yahoo | Yahoo |
| 6 | Gumtree | Amazon |
| 7 | Amazon | **Wikipedia** |
| 8 | Twitter | Tencent QQ |
| 9 | Linkedin | Twitter |
| 10 | **Wikipedia** | Google.co.in |

http://www.alexa.com/topsites

http://mybroadband.co.za/news/internet/115575-what-south-africans-do-on-the-internet-4.html

# Taaluitbou in die digitale ruimte

- Ons leef dus toenemend in hierdie digitale ruimte en moet onself afvra: Hoe sal ons Afrikaans ook in hierdie ruimte uitbou – hoe sal dit ons erns wees?

| Kriteria vir sterfte/groei | Digitale ruimte |
| --- | --- |
| Gebruikerspopulasie (grootte en demografie) | Aantal digitale boorlinge – aktief in digitale interaksie |
| Aansien | Geniet die taal digitale aansien en is dit digitaal nuttig? |
| Identiteitsfunksie | Kies gebruikers ‘n bepaalde taal bo ‘n ander? |
| Funksionele geskiktheid | **Digitale taalhulpbronne en taaltegnologie** |
| Funksionele verspreiding | **Wikipedia** |

## Soek in Engels: Kry die antwoord …

Google

who was the wife of john f kennedy

All News Images Videos More Search tools

About 20 500 000 results (0,82 seconds)

John F. Kennedy / Spouse

# Jacqueline Kennedy Onassis

m. 1953–1963




Jacqueline Lee "Jackie" Kennedy Onassis was the wife of the 35th President of the United States, John F. Kennedy, and First Lady of the United States during his presidency from 1961 until his assassination in 1963. Wikipedia

Quotes and overview

Feedback

# Soek in Afrikaans: Kry die dokument …



# Taaluitbou in die digitale ruimte

"Of the approximately 7,000 languages spoken today, some 2,500 are generally considered endangered. Here we argue that this consensus figure vastly underestimates the danger of digital language death, in that less than 5% of all languages can still ascend to the digital realm. **We present evidence of a massive die-off caused by the digital divide**."

"… for the 95% of the world's languages where **one or more of these drivers are missing**, there is very little hope of crossing the digital divide."

# Taaluitbou in die digitale ruimte

- Hoe weer ons die digitale dood van Afrikaans af?

| Kriteria vir sterfte/groei | Digitale ruimte |
|---|---|
| Gebruikerspopulasie (grootte en demografie) | Aantal digitale boorlinge – aktief in digitale interaksie |
| Aansien | Geniet die taal digitale aansien en is dit digitaal nuttig? |
| Identiteitsfunksie | Kies gebruikers ‘n bepaalde taal bo ‘n ander? |
| Funksionele geskiktheid | **Digitale taalhulpbronne en taaltegnologie** |
| Funksionele verspreiding | **Wikipedia**<br>**(“No Wikipedia, no ascent”)** |

# Die digitale ruimte, internet en wêreldwye web

- Om werklik die strategiese waarde van **Wikipedia** te kan beskryf, is dit nodig om ‘n oomblik stil te staan by presies wat die digitale ruimte, internet en www is:

- **Internet:** biljoene rekenaars/digitale toestelle van oor die hele wêreld wat met mekaar geskakel is d.m.v. netwerke van telefoonlyne, kabels en satelietverbindings

- **Wêreldwye web:** model vir die deel van inligting , gebou bo-op die internet

  Gedaantes/generasies: Web 1.0, 2.0, 3.0, ….

- **Soekenjins:** van patroonherkenning na semantiese soek

# Die digitale ruimte, internet en wêreldwye web

- **Web 1.0:** Statiese, lees-web, die web van dokumente, taal word bepaal deur die skepper/eienaar van die inligting

- **Web 2.0:** Dinamiese, lees-skryf-, sosiale web, verbruiker/skepper - skeidslyn vervaag, taal steeds die prerogatief van die skepper

  **Wikipedia** (2001): Steeds die beste voorbeeld van 'n suksesvolle dinamiese, veeltalige, sosiale webtoepassing

- **Web 3.0:** lees-skryf-uitvoer-web, semantiese web, die web van data, masjien-prosesseerbare web, veel- en oorkruistalig deur taaltegnologie en semantiese web tegnologieë, ens.

- **Huidige web**: Oop, geskakel, intelligent, …

# Wikipedia

- Visie: "an effort to create and distribute a multilingual free **encyclopedia of the highest quality** to every single **person** on the planet in his or her **own language**" - "the sum of all human knowledge"

- Grootste algemene kennis aanlyn-ensiklopedie: 41.5 miljoen artikels, 292 tale, 500 miljoen unieke besoekers per maand
- Engels: 5 240 528 artikels (https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_Wikipedias)
- Afrikaans: (85) (6.9m): 41 330   Hebreeus: (39) (5m): 195 584
- Bahasa: (24) (42m): 385 524   Katalaans: (17) (4m): 518 604

- Vrye-inhoud ensiklopedie, enige iemand kan bydra en redigeer

Lisensies: Creative Commons Attribution Share-Alike license (CC-BY-SA); GNU Free Documentation License

# Wikipedia ++


Wikipedia het baie, baie meer as ‘n aanlyn-ensiklopedie geword

Spilpunt vir veeltalige digitale taalhulpbronne, -tegnologieë en kennisstelsels, byvoorbeeld:

- Digitale platform vir kulturele en taaldiversiteit
- Veeltalige digitale leksikons en terminologie (Wiktionary en Wikidata)
- Parallelle en vergelykbare digitale tekskorpora vir taaltegnologie **(taaltegnologieë is inligtingtegnologieë wat spesialiseer in die hantering van die mees komplekse inligtingsmedium in ons wêreld; menslike taal)**
- Kennisvoorstelling in die semantiese web (Dbpedia)
- …

# Linked Open Data Cloud

http://lod-cloud.net/



# Wikipedia ++

- Wikipedia het begin as bron van kennis vir menslike gebruik, maar het sedertdien verander in 'n spilpunt van kennis vir die intelligente web wat self uit beskikbare data leer

- As Afrikaans homself nie toenemend deel maak van daardie spilpunt nie, gaan die taal uit die digitale ruimte verdwyn

# Watter bydrae kan ons d.m.v. Wikipedia maak?

- Dit *moet* die erns van **elkeen** van ons wees
- Enige kennis waaroor ons beskik kan deur Wikipedia deel vorm van Afrikaans se teenwoordigheid in die web
- Ons hier is dus ideaal toegerus om te verseker dat Afrikaans sy status as taalwonderwerk kan uitbrei na die digitale ruimte

# Watter bydrae kan ons d.m.v. Wikipedia maak?

- Vertaal, redigeer, skryf, ontwikkel terminologie ...
- Inhoudvertaling:
  - Registreer eenmalig as gebruiker
  - Doen die nodige eenmalige opstellings
  - Kies artikels om te vertaal sorgvuldig
  - Leer van skakels, kategorieë, verwysings, ...
  - Druk die "Publiseer"-knoppie!

- https://af.wikipedia.org/wiki/Wikipedia:Welkom_nuwelinge

- Klop aan vir ondersteuning: SAAWK
- akademie BY akademie DOT co DOT za of pretol BY unisa DOT ac DOT za [4]

Die tyd van wonderwerke is nog nie verby nie ...

# Bronne

[1] Kornai, A. (2013). Digital Language death. PLoS ONE 8(10): e77056. doi:10.1371/journal.pone.0077056

[2] Langner, D. (2015). Afrikaans 90: Afrikaans is ‘n taal van hoop.

[3] McLachlan, T. (2010). Die groei van Afrikaans sedert 1910 tot ‘n volwaardige taal.

[4] Pretorius, L. (2016). Die rol van die Afrikaanse Wikipedia in die uitbou van Afrikaans. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 56(2-1):371-390.

[5] Steyn, J.C. (2014). ‘Ons gaan ‘n taal maak’ Afrikaans sedert die *Patriot*-jare. Kraal Uitgewers: Centurion.

UNISA university of south africa

Dankie vir u aandag!